REKENINGKUNDE

Liewe Graad 12 Rekeningkundeleerder
Geluk met jou die bereiking van Gr 12 Rekeningkunde. Die vaardighede, kennis en waardes wat jy hierdie jaar gaan aanleer en/of uitbrei gaan van onskatbare waarde wees in jou persoonlike en professionele lewe. Graad 12 vereis harde werk, maar die bevrediging en vreugde om hierdie graad te slaag maak dit alles die moeite werd.

Vakvereistes:
- 'n Handboek
- Een of meer Rekeningkunde-skryfboeke of werkboeke
- 'n Blou of swart pen, 'n potlood en liniaal
- 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar

Inhoudskontrolelys

VRAESTEL 1
Maatskappye
- Begrippe, uniek aan maatskappye
- Unieke maatskappy-grootboekrekeninge, bv. Aandeelhouers vir dividende, Behoue inkomste, Verdelingsrekening, ens.
- AARP-beginsels (historiese koste, omsigtigheid, wesenlikheid, besigheidsentiteit, paring, lopende saak)
- Effek van transaksies op die rekeningkundige vergelyking
- Maatskappy-finansiële state met notas (Staat van Omvattende Inkomste, Staat van Finansiële Posisie en Kontantvloeistaat)
- Ouditverslag; Direkteursverslag
- Ontleding & vertolking van fin. state (finansiële aanwysers)
- Etiese en verantwoordelike korporatiewe bestuur en beheer in maatskappye. Lewer kommentaar oor uitvoerende (bv. HUB) en nie-uitvoerende direkteure, werkkomitees, bv. oudit-, vergoedings-, vaardigheidsontwikkelling-, KMI-komitees, ens.
- Professionele instellings en -beleide, bv. SAICA, SAIPA, King KODE III (verantwoordbaarheid, deursigtigheid) en hul rol in etiese korporatiewe bestuur.

VRAESTEL 2
BTW
- Begrippe; etiese gedrag in terme van BTW
- Bereken die bedrag ontvangbaar van/betaalbaar aan SAID

Rekonsiliasies (opstel, ontleed en vertolk)
- Bank-, debiteure- en krediteurerekonsiliasie (-versoenings)
- Debiteure-ouderdomsontleding
- Etiese gedrag en interne beheerprosesse

Vervaardiging
- Kostebegrippe, berekeninge en interne beheerprosesse
- Gelykbreekpunt (bereken en vergelyk dit met produksievlakke)
- Stel op en ontleed die Produksiekostestaat met notas en 'n verkorte Staat van Omvattende Inkomste

Begroting
- Begrippe, etiese gedrag, interne beheerprosesse
- Debiteure-invordering- en Krediteurebetalingskedules
- Voltooi, ontleed en vertolk Kontantbegrotings en die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste
- Vergelyk werklike met begrote syfers; lewer kommentaar op die uitwerking van koste-items op inkomstes (bv. advertensies op verkope, ens.)

Vaste Bates (Vraestel 1 en 2)
- Beide vraestelle: Waardevermindering, aankoop en verkoop van bates aan die begin, gedurende en einde van 'n jaar
- Vraestel 1: Waardasie vir verslagdoening, bv. Vaste bate-nota
- Vraestel 2: Opskryf & interne beheer, Bateverkoperek./Vaste bateregister

Voorraadstelsels
- Begrippe, etiese gedrag en interne beheer
- Periodieke vs Deurlopende voorraadstelsels (voor- en nadele); berekeninge van koste van verkope & bruto wins
- Voorraadwaardasiemetodes: Spesifieke identifikasie, EIEU, Geweegde gemiddelde
- Etiese bestuur en interne beheer van voorraad

FORMULEBLAD

Dieselfde formuleblad word in Vraestel 1 en 2 gebruik. Maak seker dat jy al die formules op hierdie blad ken en kan toepas. Oefen ook om die blad doeltreffend in die eksamen te gebruik. LEES die opdrag in 'n vraag deeglik sodat jy die korrekte bedrae in die berekening gebruik, bv. FINALE voorraad OF GEMIDDELDE Voorraad.

Assesseringsvereistes
Skoolgebaseerde Assessering (SBA)
- **Kwartaal 1**: Geskrewe verslag; Kontroletoets 1
- **Kwartaal 2**: Navorsingsprojek; Halfjaareksamen (2 vraestelle)
- **Kwartaal 3**: Gevallestudie; Proefeksamen (2 vraestelle)

Voltooi alle assesseringstake, toetse en eksames na die beste van jou vermoë om 'n goeie jaarpunt te verseker.

NSS-eksamen: 2 vraestelle (150 punte; 2uur ELK)
Die TWEE vraestelle word op **verskillende datums** geskryf; maak seker dat jy die eksamenrooster goed bestudeer. Daar is geen keusevrae nie. Elke vraag dek 'n onderwerp en word in 'n spesiale antwoordeboek beantwoord. Alle rowwe bewerkings moet in die antwoordeboek getoon word.
ONTHOU: Jy kan alle vrae in 'n donker potlood voltooi sodat jy foute kan uitvee. GEEN korrigeervloeistof word in die eksamen toegelaat nie.

Wenke vir sukses:
- Voltooi minstens EEN Rekeningkunde-aktiwiteit/vraag oor die onderwerp wat in die klas behandel is. Dit help jou om die teorie en/of die berekeninge te verstaan en toe te pas.
- OEFEN ... OEFEN ... OEFEN. Werk gereeld deur ou eksamen-vraestelle om jou eksamenskryf-vaardighede te oefen, bv. tydsbestuur, lees van instruksies met insig, ens.
- Jou studie-/hersieningsprogram moet die aantal weke en dae wat jy beskikbaar het vir jou Rek-studies aan toon. Laat genoeg tyd toe vir ELKE onderwerp. Werk meer aan dié onderwerpe waarmee jy sukkel of waarvan jy nie hou nie, maar hersien ook jou beste onderwerpe. WENK: Begin alreeds in Kwartaal 1 met jou studies, want jy kan alreeds jou Gr 11-werk hersien.
- Tydsbestuur: Pas goeie lees- en berekeningsmetodes gereeld toe as jy studeer. Hierdie metodes sal voorkom dat jy tyd mors en verseker dat jy 'n vraestel in twee uur kan voltooi.
- Probeer om AL die vrae en sub-vrae te beantwoord. Moenie vrae ooplos nie, want een punt is beter as geen punte.
- Voltooi 'n berekening al is jy nie seker of dit korrek is nie. As jy hierdie 'verkeerde' antwoord korrek gebruik in die opvolgvraag, kan jy maksimum punte in die opvolgvraag verdien.
- Toon berekeninge tussen hakies in toetse en eksamens om deelpunte te kan verdien.

SKANDEER MY!
Rekeningkunde Oorsig

Skandeer die QR-kode vir die Gr 12 Hersieningsmateriaal beskikbaar op die E-portaal (zero-data)
https://wcedeportal.co.za/eresource/109466